



Verwysing: 20200320-5951  
Lêerno.: 13/18/2  
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuursminuut: 0004/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

**Onderwerp: Verspreiding van die Graad 12 Diagnostiese Verslag oor Leerderprestasie: 2019 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamens**

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het die 2019 Diagnostiese Verslag oor Leerderprestasie in die 2019 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen uitgereik.
2. Die 2019 diagnostiese verslag word in drie boeke aangebied en is as volg beskikbaar:
  - (a) Boek 1–10: kernvakke (Nie Tale nie);
  - (b) Boek 2–12: Huistale en Engels Eerste Addisionele Taal; en
  - (c) Boek 3: Tegniese Wiskunde, Tegniese Wetenskappe en Tegnologieë.
3. Inligting word vir elke vak verskaf, wat die volgende insluit:
  - prestasietendense;
  - oorsig van leerderprestasie;
  - diagnostiese vraagontleding;
  - ontleding van leerderprestasie in individuele vrae; en
  - ander toepaslike inligting oor die vak.
4. Die 2019 Diagnostiese Verslag oor Leerderprestasie is op die DBO se webwerf beskikbaar. Die volgende skakel kan gebruik word om toegang tot die DBO-webwerf te kry: <https://www.education.gov.za/Resources/Reports.aspx>.

5. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het die volgende skakel geskep vir toegang tot die boeke: <https://bit.ly/39E0Afm>.
6. Die WKOD het ook 'n vinnige reaksie (VR) -kode geskep vir toegang tot die boeke in die 2019 diagnostiese verslag. Die volgende VR-kode kan gebruik word vir toegang tot die boeke:



7. Prinsipale en onderwysdistriksamptenare word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeel, ouers en leerders te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED

**WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2020-03-26